


**A. Bid eers saam –** doen moeite om werklik eers stil te word voordat julle saam uit die Woord gaan lees.

**B. Uit die Woord: Lees Jona 4** (dit het baie waarde om 2 of 3 verskillende vertalings te lees, bv Afrikaans, NIV, The Message, Lewende vertaling etc – YouVersion bied wonderlike opsies)

**a. Gee vir elkeen dan kans om die verhaal weer op hulle eie in stilte te lees.**

**b. Wat tref jou? Wat het jy raakgelees wat jy voorheen gemis het?**

**c. Watter vrae het jy oor die gedeelte wat jy gelees het?**

**v 1–2 Jona se reaksie is vreeemd!**

- **Wat sê hy self is die rede vir sy woede?**

- **Hoe is dit moontlik dat God se genade en vergiffenis mense kan kwaad maak?**

- **Wanneer mag God, in ons opinie, mense vergewe? Wat sê 1 Johannes 1:7-9 hieroor? Lees ook weer Jona 3:8-10.**

- **Dalk is Jona net baie eerlik –** want dit is nie so maklik om mense te vergewe wat ons seergemaak en te nagekom het nie. **Tog verwag die Here van ons om mense te vergewe. Lees die volgende verse hieroor:**

    - **Matteus 6:11-15**
    - **Matteus 18:21-35**

    **Wat leer ons uit hierdie gedeeltes oor vergiffenis?**

**In watter mate is Jona nie konsekwent nie, want hy wil hê dat God hom met ‘n ander maatstaf hanteer as vir die inwoners van Ninevé – v 9-11.**

**Wat Jona se reaksie nog vreemder maak, is dat hy soveel wonderwerke en Goddelike ingrype ervaar en beleef het in die vorige 3 hoofstukke. Maak ‘n lysie van al die wonderwerke en Goddelike ingrype wat met hom gebeur het in Jona 1-3.**

- **Watter effek sou ons verwag moes hierdie wonderwerke in sy lewe tot gevolg gehad het?**

- **Watter wonderwerke, Goddelike ingrype was al daar in jou lewe en hoe het dit jou gehelp om geestelik te groei?**

- **Tog is hierdie ingrype en wonderwerke nie altyd ‘n waarborg dat ons gaan reg optree nie.** Ons sukkel nog steeds om God te vertrou. Ons sukkel nog steeds om te vergewe en met allerhande ander sonde in ons lewens. Daar is nie maklike antwoorde hiervoor nie, maar wat dink julle as groep is moontlike antwoorde hiervoor?

**Dalk hou vers 10-11 ‘n moontlike sleutel vir ‘n ander verstaan hiervan.** God verklaar dat Hy besorg is oor mense wat verlore gaan. Ander woorde hiervoor is dat God genade het vir mense, dat Hy sulke mense jammer kry.

- **Ken julle mense wat uit ‘n kerk of gemeente is, omdat hulle nie met genade hanteer is nie?** Dalk het het so iets met van julle al gebeur. As jy wil, deel jou storie met die groep…

- **Watter impak dink julle het sulke “genadelose” hantering op mense se seining van geloof, godsdiens, die kerk, selfs Christenskap en God?**

- **Hoekom is genade so belangrik? Lees Efesiërs 2:8-10 en Romeine 3:21-24.**

**Jona 4 eindig met 'n oop vraag – v 10-11.**

- **Wil jy hê God moet jou met genade hanteer?***(Ons antwoord moet JA wees hierop, want ons*

- **Hoe kan ons vir mense wys dat dieselfde genade wat God vir ons het** (dat dit nie hulle verdienste is wat maak da tons vir hulle goed is nie…)**, ons vir hulle het?**